LAERSKOOL BEAUMONT

Geagte Ouers 26 Januarie 2012

1. BEAUMONT AANBOUINGS

Die aanbouings by ons skool verloop volgens plan en ons vertrou dat die proses teen 22 Maart, soos beplan, afgehandel sal wees. Ons het vandeesweek met al die rolspelers vergader en almal is gelukkig met die proses en die gehalte van die werk tot op hede. Ons sal die nuwe lokale aan die begin van die nuwe kwartaal in gebruik neem en ons hoop dat ons ook die nuwe administratiewe blok dan in gebruik sal kan neem. Besoek ons webtuiste asook die Communicator vir die mees onlangse foto's van die bouery.

2. INTERHUIS ATLETIEK

Die leerders het ons eerste Interhuis Atletiekbyeenkoms in die middag en aand baie geniet en die ouers het die byeenkoms in groot getalle bygewoon. Die weerstoestande was gunstig afgesien van die wind wat by tye baie sterk gewaai het, maar tog groot verligting gebring het na die hittegolf wat ons verlede week beleef het. Dit is die meeste leerders wat nog aan 'n byeenkoms deelgeneem het. Alhoewel ons as gevolg hiervan nie van die items by die byeenkoms self kon afhandel nie, is ons in ekstase oor die massa deelname van ons leerders. Die spangees was uitstekend en uitstaande prestasies is behaal.

'n Groot dankie aan mnr. en mev. Minnie vir hul harde werk ter voorbereiding van die byeenkoms, asook aan al die beamptes wat ons op die dag bygestaan het. Ons sal die volle program in oënskou neem en die nodige aanpassings maak vir volgende jaar se byeenkoms. Baie dankie ook aan al die ouers wat ons ondersteun het.

3. BEAUMONT OUERVERENIGING NUUS

Gisteraand het die BOV sy Algemene Jaarvergadering gehou. Die agenda het sake soos die fondsinsamelings van 2011 ingesluit, die finansiële verslag is voorgelê vir bespreking, lede wat in die verlede diens gedoen het, is bedank vir hul wonderlike bydraes en 'n nuwe komitee is verkies om in 2012 die skool te dien. Ons wil die uittredende ouers bedank vir hul onbaatsugtige diens en waardevolle bydraes tot die jaar se verrigtinge, by name Chris Dicks, Bobby Bennett and Audrey Meaker. Die nuwe lede is Sylvia Malinowski, Tanya Mitrovic, Barbara Ohlsson, Peter Wrench, Louise Spagnuolo, Beverley Jones and Ryan Kallis. Agt van verlede jaar se lede het aangedui dat hul bereid is om vir die volgende jaar weer op die BOV te dien. Hulle is: Peter Grey, Colleen Henry, Lance Peterson, Riaan Breedt, Willem Karsten, Greg Lind, Sandra Bothma and Michelle Farrer (herkies as voorsitter)

'n Fantastiese totaal van R290 290.00 is ingesamel! Ons wens die BOV-lede sterkte toe met die fondsinsamelingsprojekte vir 2012.

4. VANUIT DIE SEKRETARESSE SE KANTOOR

U kan nou reeds begin aansoek doen vir Gr 1-leerders vir 2013. Vorms is beskikbaar op die skool se webtuiste of u kan 'n aansoekvorm by die sekretaresse se skool afhaal. Let asseblief daarop dat die sluitingsdatum vir aansoeke vir Gr 1 **Vrydag 23 Maart 2012** is.

5. OPDATERING VAN WEBTUISTE/SCHOOL COMMUNICATOR

Ons versoek alle ouers vriendelik om hul persoonlike besonderhede via die webtuiste op te dateer. Die "Beaumont4u" is spesiaal ontwerp vir Beaumont-families. Alle besonderhede moet teen **Vrydag 3 Februarie 2012** opgedateer word. Die webtuiste bevat baie inligting, dit is interaktief en dit bevat hoofbladsye waarvolgens nuusbriewe, kwartaalbeplanners, sportuitslae, foto's ens. "afgelaai" kan word. Indien u u besonderhede opdateer, kan effektiewe kommunikasie by Beaumont vergemaklik word.

Eenvoudige stappe om te volg:

1. Besoek die webtuiste: www.beaumont4u.co.za
2. Kliek op "Login", boonste regterkantse hoek van "home page"
3. Voer u gebruikersnaam (username), kodewoord (password) of selfoonnommer in.
4. Indien u u kodewoord vergeet het, of 'n nuwe rekening wil open, kliek op "Lost your login details.

5. Sodra u toegang tot u rekening verkry het, sal van u verlang word om u persoonlike rekeningbesonderhede, kommunikasie besonderhede asook die leerder se besonderhede op te dateer. Die volledige profiel vir elke leerder moet opgedateer word bv. mediese fonds besonderhede, sport deelname ens. Voltooi asseblief al die afdelings. Indien u meer as een leerder by Beaumont het, moet u asseblief elke kind se toepaslike inligting aanpas/aanvul/bywerk.
6. Indien u nié toegang tot Internet het nie, moet u asseblief een van die sekretaresses in kennis stel sodat ons die nodige hulp kan verleen.

U kan gerus vir Andre Moreby op andre@magnetpro.co.za of karin@beaumont4u.co.za kontak.

Die "School Communicator" is nog 'n bruikbare kommunikasiekanaal wat deur die skool gebruik word om inligting met die ouers te deel. Ek is bewus daarvan dat sommige ouers probleme ondervind het om die program te laai deur die DVD-skyf wat voorsien is, te gebruik. Vra asseblief nog 'n skyf aan van die skool of u kan ook die "Communicator" aanlyn aflaai deur die volgende webtuiste te besoek: http://www.school-communicator.com/download/php . Gaan dan na gekose skool (Beaumont) en die formaat wat u verkies om te gebruik. Sodoende sal u toegang verkry tot alle inligting op die Beaumont "Communicator".

6. OUERS IN DIE SKOOLGEBOU GEDURENDE SKOOLURE

Ons rig weereens 'n dringende versoek tot ALLE ouers om nie gedurende skoolure binne die skoolgebou te wees om hul kind se klaskamer te besoek om items af te lewer wat tuis vergeet is, of om selfs hul kinders by die klaskamers af te haal nie. RAPPORTEER ASSEBLIEF BY DIE KANTOOR VIR BYSTAND. Respekteer asseblief te alle tye die opvoeders en leerders se onderrigtyd. Dit is uiters steurend indien ouers klasse tydens skoolure ontwrig. Sien ook asseblief toe dat u kind al sy/haar besittings/boeke by hom/haar het voordat hul die huis verlaat. Dit is u kind se verantwoordelikheid om by die kantoor navraag te doen indien enigiets wat wel tuis vergeet is, by die skool afgelewer is. U samewerking in hierdie verband word waardeer.

7. MEDIKASIE BY DIE SKOOL

Neem asseblief kennis dat die registeronderwyser nie medikasie gedurende skoolure aan u kind mag toedien nie. Alle medikasie (langtermyn) moet by die skool ingehandig word, duidelik gemerk met die kind se besonderhede asook instruksies. Die sekretaresse, Karin Suart, sal toesien dat u kind sy/haar medikasie ontvang. U samewerking in hierdie verband word waardeer.

8. ASSESSERINGSDATUMS – SLEGS GRAAD 4 – 7

Ons versoek alle ouers met leerders in Gr 4-7 om die skool se webtuiste: www.beaumont4u.co.za te besoek vir bostaande inligting. Ons vertrou dat die inligting u en u kind in staat sal stel om die volgende akademiese week beter te beplan. Ons sal u samewerking in hierdie verband waardeer. Die onderrigproses is 'n spanpoging tussen die opvoeders, ouers en leerders.

9. NUUS VANUIT DIE GEBEDSKAMER

Ons vertrou dat u en u gesin die goedheid van God sal ervaar en 'n persoonlike verhouding met Hom sal hê. Moenie huiwer om ons met enige versoeke te kontak nie en ons nooi u om asseblief by ons in die gebedskamer aan te sluit.

Plek: Kunsklas op die tweede vloer (bokant die Tegnologieklas)
Tyd: Vrydagoggende om 07:45-08:30

Enigiemand wat wil aansluit, is meer as welkom. Kontak asseblief:

Janet: 083 360 5895 en Wendy: 072 436 9580

10. VERKEER IN VAN DER MERWESTRAAT

Kommer is weer uitgespreek oor die verkeersopeenhopings in Van Der Merwestraat (by die hoofingang van die skool) waar motors aan die regterkant van die eenrigtingpad geparkeer is sodat ouers hul kinders kan aflaai om die besige pad oor te steek. Parkeer asseblief aan die linkerkant van die pad en steek geparkeerde motors aan die regterkant verby. Die veiligheid van ons kinders is ons hoofprioritiet en ons wil u versoek om ander motoriste ook in ag te neem.

Motoriste wat Onse Jan gebruik om die skoolterrein te verlaat, moet wag dat die elektroniese hek outomaties oopmaak en hul weerhou daarvan om te na aan die hek te parkeer, aangesien dit 'n bottelnek veroorsaak. Helderzichtweg (naby die tennisbane) is ook 'n groot bron van kommer. Ouers steek hier die pad oor met kinders wat hul voorbeeld volg. Dit lei tot groot ontsteltenis by inwoners aangesien hulle vrees vir die veiligheid van die leerders, veral tydens die besige tye voor en na skool. Ons wil u ook versoek om toe te sien dat u kinders te alle tye veiligheidsgordels aanhet – ongelukke vind gou plaas en ons wil ons kinders so veilig as moontlik hou. Die verkeersdepartement daag ook soms onverwags op om die situasie te monitor en indien verkeersreëls verontagsaam word, sal verkeersboetes uitgereik word.

Dae waarop groot sportgeleenthede aangebied word veroorsaak ook groot probleme met parkering. Neem asseblief die inwoners rondom die skoolgebou in ag in hierdie verband sodat hulle nie rede het om die owerhede te kontak met klagtes nie. Heelwat boetes is op Dinsdag tydens die atletiekbyeenkoms uitgereik en ek het onderneem om die owerhede te kontak om te versoek dat die boetes moontlik gekanselleer kan word. Heelwat van die motors het geensins die toegang tot huise in die omgewing versper nie en het ook nie die normale verkeersvloei belemmer nie. Verkeersvloei rondom die skool verander tog in 'n een-ringting-vloei tydens spitstye. Ons onderneem om in die toekoms vir soveel as moontlik motors parkering op ons sportgronde te reël, afhangende van die aktiwiteite wat aangebied word sowel as die weersomstandighede. Die verkeersdepartement sal ook in die toekoms gevra word om ons in hierdie verband by te staan.

11. BEAUMONT SOKKER

Beaumont Sokker word op Dinsdae om 16:00-17:30 aan leerders 5-10 jaar oud op die sportveld aangebied. Ouers kan vir Ryan Kallis by 083 229 8583 of by footballcoachryan@gmail.com kontak.

DIE FAMILIEBRAAI VIR VRYDAG 27 JANUARIE IS UITGESTEL TOT VERDERE KENNISGEWING.

12. BELANGRIKE DATUMS

Donderdag 26 Januarie	:	Gr R en Gr 1 piekniek op die sportterrein
	:	Beaumont klerebank oop tussen 13:00 -14:30
	:	Gr 5 Inligtingsaand om 18:30 in die skoolsaal
Vrydag 27 Januarie	:	Tennis gradering (na skool)
	:	Detensie Graad 4 – 7 ALLEENLIK
	:	Senior Koor Oefenkamp – GEKANSELLEER (ook 28 Januarie)
Saterdag 28 Januarie	:	Dogters Mini Kriektettoernooi (Somerset House)
	:	Avontuurklub: Tafelberg Staptog
Maandag 30 Januarie	:	Bring herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	Fiksheid en Genot-klasse begin
	:	Beheerliggaamvergadering om 19:00 in klerebank
Dinsdag 31 Januarie	:	Graad R – 7 indiwiduele foto's
	:	Beaumont klerebank oop tussen 13:00 – 14:30
Woensdag 1 Februarie	:	Funtasia Dag – Toer Fondsinsamelingsprojek (Gr R-3 gedurende
	:	Skoolure en Gr 4-7 na skool)
Donderdag 2 Februarie	:	Beaumont klerebank oop tussen 13:00 – 14:30
Vrydag 3 Februarie	:	Kring 6 Atletiekbyeenkoms (na skool)
	:	Detensie Graad 4 – 7 ALLEENLIK
Saterdag 4 Februarie	:	Kring 6 Atletiekbyeenkoms
Maandag 6 Februarie	:	Bring herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	BOV-vergadering om 19:15
Dinsdag 7 Februarie	:	Graad R – 3 Interhuis Swemgala tydens skoolure
	:	(Alternatiewe datum 10 Februarie 2012 indien gekanselleer)

Vriendelike groete

Mnr G Reddell
Skoolhoof

02/2012

BEAUMONT FUNTASIA PRET DAG

Tyd:	Gr R – Gr 3	11:30 – 14:30
	Gr 4 – Gr 7	14:30 – 17:30
Koste:	R55 vir 3 ure – geniet so veel ritte as moontlik!	

Beaumont Sport Funtasia Pret Dag

Dit is weer tyd vir ons jaarlikse **Funtasia Pret Dag** met 'n verskeidenheid van items soos "Mechanical Bulls, Roto-Gladiators, Roundabout Swings, Obsta-castles, Parachute Simulator, Fufi Slide, Shooting Tunnel, Gladiator Ramp" en vele meer. Dit beloof om 'n wonderlike dag vol prêt en plesier te wees. Daar sal toesig wees by al die ritte!!
Daar sal ook kosstalletjies wees (koeldrank, milky mouse, boereworsrolle, spur burgers, slap chips, pannekoeke ens.) dus hoef Ma nie kos te maak nie! Bestel en betaal u kos voor die tyd en tel dit net op wanneer u huis toe gaan. Almal is welkom – bring u familie en vriende, oud en jonk om die middag saam met ons te kom geniet. Koop u kos en drinkgoedkaartjies voor die tyd sodat u nie in 'n lang tou hoef te staan nie. R10 boekies is beskikbaar met kaartjies wat verruil kan word by die Sport Snoepie in die Klubhuis se kombuis.

WOENSDAG 1 FEBRUARIE 2012